# AfriForum se vyfledige standpunt oor die Tshwane-samewerkingsooreenkoms

AfriForum se vyfledige standpunt wat sal dien as basis vir samesprekings oor die organisasie se samewerkingsooreenkoms met die Tshwane-metro, is soos volg:

1. **AfriForum-gemeenskappe neem self verantwoordelikheid**
   AfriForum se takke, buurtwagte en lede lewer dienste waar aktiewe AfriForum-gemeenskappe gesetel is. AfriForum-takke word deur gemeenskapslede gestig. Hierdie lede bied hul dienste, kennis en tyd vrywillig aan. Die organisasie se vermoë om gemeenskapsgebaseerde projekte aan te pak het oor die afgelope paar jaar aansienlik uitgebrei en bied aan gemeenskappe die geleentheid om meer selfstandig te word. AfriForum het tans meer as 315 000 lede, 165 takke, 177 buurtwagte en meer as 10 000 lede wat op buurtwag- en takstrukture dien en voortdurend werk aan die verbetering en beveiliging van die gemeenskappe waar hulle woon. In die Tshwane-metro het AfriForum boonop 13 takke en 11 buurtwagte wat op plaaslike vlak uitvoering gee aan die samewerkingsooreenkoms met die metro.

2. **Misdaadbekamping bly ’n prioriteit**
   AfriForum beskik oor veiligheidsbeheerkamers van wêreldgehalte. Die een AfriForum-beheerkamer is in Pretoria gesetel en bied noodsaaklike ondersteuning aan veiligheidsrolspelers in die hele metro. Daarbenewens het die burgerregteorganisasie ook die grootste gemeenskapsradionetwerk in die land met meer as 8 000 handradio’s wat oor Suid-Afrika heen as ’n kritieke veiligheidshulpmiddel benut word; 40 hommeltuie wat deur opgeleide vlieëniers aan AfriForum se veiligheidstrukture ’n tegnologiese voorsprong bied en wat telkens deur onder meer die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ingeroep word tydens veiligheidsoperasies. AfriForum lewer voorts ook nood- en rampbestuursdienste en lede onderneem gereelde veiligheidsoefeninge.

3. **Watervoorsiening is van kritieke belang**
   Om die impak van watertekorte te minimaliseer rig AfriForum noodwaterpunte oor die hele land op en bied sodoende gratis toegang aan dié noodsaaklike hulpbron aan alle inwoners. AfriForum het reeds 95 noodwaterpunte oor die hele land en 17 in Gauteng opgerig wat veral in tye van wateronderbrekings in die stad ingespan word om nood te verlig. Waterlekkasies bied ook reuseuitdagings. Sowat 33% van water in die Tshwane-metro gaan verlore weens lekkasies. Daarom lei AfriForum sy buurtspanne op om waterlekkasies gratis te herstel.

4. **Die vulliskrisis sal ons nie oorweldig nie**
   ’n Vulliskrisis staar Suid-Afrika in die gesig en die Tshwane-metro is nie hiervan gevrywaar nie. Na raming sal daar binne vyf jaar nie meer genoegsame terreine of spasie vir die storting van vullis op bestaande terreine wees nie. AfriForum se Centurion-Wes-tak se herwinningsprojek is juis daarop gemik om te help om dié krisis in die metro die hoof te bied. Deur die projek is daar reeds meer as 180 ton se herwinning gedoen uit die vullis wat by nagenoeg 500 huise, skole en ondernemings ingesamel word. Dié projek sal na verwagting volgende jaar ook na ander dele van die metro uitgebrei word.



**Adres:** Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion • **Tel.:** 086 10 200 30
**Ledesake – E-pos:** ledesake@afriforum.co.za • **Direkteure:** Me. A. Bailey, mnr. P.J.W. Buys, dr. H.K. Coetzee, mnr. P.L. Dekker, mnr. F.J.D. de Klerk, mnr. G.R. de Vries, dr. D.J. Hermann, mnr. W.G. Human, mnr. C.M. Kriel en dr. R. Pretorius. • **Maatskappysekretaris:** Mnr. W.A. Vogel.
**Registrasienommer:** 2005/042861/08 • **OSW-nommer:** 054 - 590

www.afriforum.co.za • 086 10 200 30

5. **Samewerking is ideaal, maar ons het nie toestemming nodig nie**
Samewerking met die metro is in die gees van samewerkende regering ’n ideale manier waarop uitdagings ten opsigte van beveiliging en beskerming van eiendom en die omgewing in die stad se gemeenskappe op ’n volhoubare wyse getakel kan word. AfriForum hou egter vol dat die organisasie nie die metro se toestemming benodig om die gemeenskappe waarin lede woon te verbeter nie. Die organisasie sal daarom, ongeag die uitkoms van samesprekings, voortgaan om instandhoudings-, opknappings- en beskermingsaksies aan te pak.